Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

21 April 2017
Nr 15/2017

Sinodale nuus

Verklaring van die Moderatuur

Gemeentes word weer eens herinner aan die moderatuur se verklaring wat na die vergadering van 29 Maart in die Verskil gepubliseer is:

Ons is dankbaar dat gebed so 'n integrale deel van ons gemeentes se lewe is en dat daar op soveel plekke en wyses daarmee erns gemaak word. Dit is een manier waarop ons deurlopend ons afhanklikheid van die Here uitleef. Ons herinner gemeentes hiermee aan ons verbintenis aan ons land en kontinent. Lydenstyd roep ons op om in die spieël te kyk en Paasfees verkondig die deurbreek van die Lig. Ons vra daarom dat gemeentes by al die eredienste gedurende April in besonder aan ons land en sy mense sal dink. Saam bid ons "Laat U Koninkryk kom! Here, gee ons vrede."

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op *25 April 2017* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: *Dr Yolande Steenkamp lees twee tekste saam met ons, na aanleiding van haar proefskrif tema, "Sonde en verlossing".*
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Konferensies

– aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus. **Sprekers**: *Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk*
Die volgende byeenkoms: *27 Julie 2017* te Brits ... Teken solank die datum aan! Volledige inligting volg later.
6 VBO-punte word verdien! [**Kliek hier** vir die program]

CMR-Nuus

Jaarlikse wynveiling ten bate van **"Save-a-Child"-projek**
Wanneer: *22 Junie 2017*
Waar: *Pretoria Country Club* - Volledige inligting volg binnekort!

Kollega nuus

❖ Innige simpatie

- **Theuns Kriek** [Warmbad] se broer is oorlede.
- **Freddie Schoeman** (Assessor van die Oostelike Sinode en predikant van Lyttleton-Oos) is op Woensdag 19 April onverwags aan 'n hartaanval oorlede. 'n Roudiens word op Dinsdag *25 April* om 11:00 gehou

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

25/04 Fanie Steyn [Emeritus, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]
30/04 Marian Jordaan [Pietersburg-Noord, 079 877 8637, marianjordaan2@gmail.com]
Nico Coetzee [Emeritus, 076 091 1258, nicojcoetzee@gmail.com]

****

25/04 Nicolene Beukes [Chipinge, mbeukes@bsatt.com]
27/04 Michelle J van Rensburg [Wierdapark-Suid, 072 735 8811, dsjoe@ngwps.co.za]
30/04 Jeanne Marie Carstens [Overkruin, 012-567 0707, heinrich.carstens@icloud.com]

Gemeente nuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Pietersburg 30/4/1852

❖ Piet Potgietersrust word 100 jaar oud op *14 April 2017*

Die gemeentes *Pietpotgietersrus* (ou Moedergemeente) en *Potgietersrus-Oos* het op 1 Julie 2016 een geword en die nuwe naam is nou ***Piet Potgietersrust*** Gemeente.

- Alle Eeufeesvieringe vind op die terrein van ou Moedergemeente plaas. Op Vrydag, *5 Mei* is daar 'n deftige ete in die saal. Saterdag, *6 Mei* is daar 'n buitelug-kamp-ontbyt en boeresport en op Sondag, *7 Mei* 'n erediens met koek en tee na die tyd in die saal. Verrigtinge sluit af met 'n heerlike bring-en-braai die middag.
- **Alle oud lidmate en leraars** word na die geleenthede uitgenooi. Besprekings moet asseblief vóór die tyd gedoen word. Kontak die Kerkkantoor by 015 491 4706/2626.

❖ Magaliesberg Gesinskerk [Marikana]: Magalies Musiekfees: Saterdag *6 Mei 2017*.

Waar: Buffelspoort (ATKV) - Hekke open **17:00!**; Verskeie stalletjies!
Kaartjies: @ R150 – koop deur Ticketpro – kinders 7 jaar en jonger = gratis.
Navrae: Wilna van Gass, 082 415 8171

❖ Sesmylspruit: Passiespel

Wanneer: Sondag, *14 Mei 2017* om 18:00.
Toegang: Gratis!
Sop en broodjie vanaf 16:30 @ R10.00

❖ Sanddrift: Jagpakket

Eerste prys : 1 x Buffelbul, 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok
Tweede prys : 2 x Blouwildebeeste, 2 x Rooibokke
Derde Prys : 1 x Blesbok, 3 x Rooibokke
Selfsorg akkommodasie vir 4 persone vir 2 nagte vir elkeen van bogenoemde pryse.
Kaartjies @ R1000 elk.
Kontak ds Nicky vir meer inligting sel no 0827558874 - Kaartjies kan ook by die kantoor gekoop word sel no 082 713 9307.
Sluitingsdatum is *25 Junie 2017* met trekking tydens die oggenddiens om 09:00. Wenners sal telefonies in kennis gestel word
Bankbesonderhede vir inbetaling van Jagpakket-gelde : NG Sanddrift, Spaarrekening, Brits, Rek no 92 1994 1842, verwysing u naam.

❖ **SA Gemeente: Geestelike tuiste vir Suid-Afrikaners in Engeland**

Die gemeente bedien hoofsaaklik Suid-Afrikaners wat in Engeland woon. Hulle hou op sewe plekke regoor die land eredienste. Hulle wil graag 'n geestelike tuiste bied waar lidmate mekaar kan bedien en toerus om die Here se liefde te deel daar waar hulle elke dag leef en werk.
Oproep: *Diegene wat dus familie of vriende het wat op pad is Engeland toe, onthou asseblief om hulle te vertel dat daar 'n gemeente is wat hulle graag op hulle nuwe reis wil help om tuis te kom.*
[**Lees hier verder** wat **Ferdie Clasen** vertel van die unieke gemeente...]

Ander nuus

❖ **Abraham Kriel Kinderhuis – Nylstroom**: **Kunstefees**
Wanneer: *2-14 Junie 2017*
Waar: Shangri-La, Modimolle
Program:
Vrydag, 2 Junie: 5-gang ete & wyn proe met Kevin Leo – R250 p/p [RSVP 014-718 1600]
Saterdag, 3 Junie: Kunstenaars, stalletjies, wynproe... R100 toegang p/p
Sondag, 4 Junie om 09:00: Kerkdiens met sangers – gratis toegang
Navrae: Cecile 076 118 2111.

❖ **Excelsus nuus** [Besoek ook www.excelsus.org.za]

- **2-jaar kursus: VBO-punte - 100**
  Leadership in urban transformation - a Premier course offered by the **Centre for Contextual Ministry** at the University of Pretoria.
  Dates: **Week 1**: *5-8 Jun 2017*; **Week 2**: *1-4 Aug 2017*; **Week 3**: *16-19 Oct 2017*; **Week 4**: *27-30 Nov 2017*; **Week 5**: *5-8 Feb 2018*
  Modules: Construct an own urban theology, critical readings of the city, develop a hopeful imagination of urban alternatives, understanding transformational urban development, towards an urban ministry praxis
  Cost: R5 940 for 5 intensive contact sessions.
  Location: University of Pretoria, Hatfield Campus, Theology Building, room 1-38
  Contact: Hesmarie Bosman, tel 012-420 4952

  ****

- 'n **3-dag – Konferensie: "Spirit of Narrative"** word aangebied deur *prof Tom S Carlson* in Benoni, Gauteng deur die *Institute for Creative Conversation*. (**Lees hier verder**...)
  Datum: *8, 9, 10 Junie 2017*
  15 VBO-punte word vir bywoning toegeken.
  Indien u belangstel, kontak asseblief vir: Nicole of Kim by 0101 400 210 vir registrasie en inligting.

❖ **Nuusbriewe**

- **Bybel-Media nuus** [Besoek http://bybelmedia.org.za]
  Dié week is BM se fokus op die jongste *Kerkbode* en die *Mei-uitgawe van LiG*. [**Lees hier verder**...]

- **CLF-nuus**
  Pinkster 2017 : ***Christus het ons vrygemaak...***
  In aansluiting by die NG Kerkfamilie se viering van Reformasie 500 in 2017 saam met Protestantse gelowiges oor die wêreld heen, dink ons met vanjaar se ***Pinksterreeks*** as kerkfamilie saam oor die sentrale boodskap van die sestiende-eeuse Kerkhervorming of Reformasie, naamlik dat Christus ons uit genade van sonde en skuld vrygemaak het. [**Lees hier verder**...]

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Land.**
- **Paastyd.**
- **Politieke woelinge.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ UP: Fakulteit Teologie -Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap

Vakature: Senior Lektor / Medeprofessor / Professor (een pos)
Sluitingsdatum: *24 April 2017*
Navrae: Prof E van Eck, Tel: (012) 420 3804 [**Lees die volledige advertensie hier**...]

❖ Stabilis: Vakature - Voltydse maatskaplike werker

Sluitingsdatum vir aansoeke: *15 Mei*.
Navrae: Tel 012 333 7702 / director@stabilistc.co.za

❖ Booysen: Vakature – Orreliste

Datum van diensaanvaarding: *1 Junie 2017*.
Aansoekers wat minstens 15-jaar ondervinding in orrel- en voorsangbegeleiding het, kan vóór *12 Mei 2017* om 12:00 per e-pos aansoek doen. Stuur 'n CV gemerk "AANSOEK ORRELISTE" aan: Die Voorsitter van die Kerkraad, NG Kerk Booysen. E-pos adres: ngkerkbooysen@gmail.com.
Navrae: Koos Poolman (012) 379 1213 tydens kantoorure Maan-Vry 09:00 tot 12:00.

❖ Mootvallei: Vakature - Kassier

Die datum van diensaanvaarding is *1 Junie 2017*.
Verantwoordelikhede: Die Kassier is is verantwoordelik vir die ontvangs en deponering van alle gemeente inkomste, asook die betaling van alle gemagtigde uitgawes, voorskotte, salarisse en lone. Daarmee saam die nodige finansiële administrasie in die verband ten einde aan gemeentelike, kerklike en wetlike vereistes te voldoen.
Werksure: Halfdag pos met werksure van 8h00 tot 12h30.
Aansoekprosedure: Stuur u aansoek per e-pos saam met 'n volledige CV gemerk as "Aansoek Kassierspos" voor 12h00 op *8 Mei 2017* aan: Die Voorsitter, Diensverhoudinge, NG Gemeente Mootvallei.
E-pos: kerkkantoor@ngmootvallei.co.za
Navrae: Riaan Odendaal 012 335 0611 (kantoor) / 082 497 1891.

❖ 2016 Proponente

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Christo Schoeman* [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

- **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - **Kliek hier**

Ten slotte

BYLAES

SKRIFINTERPRETASIE EN SKRIFGESAG

Konferensie aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

27 JULIE 2017

TE BRITS

Sprekers: Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk

PROGRAM

08:15	Registrasie	
09:00	Verwelkoming	
09:15	**Sessie 1**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike hermeneutiek** Aanbieder: dr James Kirkpatrick met tyd vir bespreking
10:45	Tee	
11:15	**Sessie 2**	**Belydenisskrifte en die kanonisiteit van die Bybel** Aanbieder: dr Andries Kritzinger met tyd vir bespreking
12:45	Ete	

13:30	**Sessie 3**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike etiek** Aanbieder: dr André van Niekerk met tyd vir bespreking
15:00	Tee	
15:20	**Sessie 4**	**Toemaak van die gesprekke** Elke aanbieder het 15 minute om die gesprek rakende sy tema toe te maak
16:15	Afsluiting	
16:30	Verdaag	

Terug

Bybel-Media Nuusbrief 6/2017

Lees in die Kerkbode van 21 April ...

Van 'n oud-bendeleier wat tot bekering gekom het en nou nie net op die kerkraad van NG gemeente Drakenstein in die Paarl dien nie, maar ook armes, siekes en gevangenes in sy gemeenskap dien.
Kerkbode vertel ook van hoe NG lidmate regoor Suid-Afrika op die naweek van 22 April saam met ander Christene vir Suid-Afrika gaan bid.
In Worcester is 'n dowe proponent wat as kind in die Langkloof geglo het sy is die enigste Dowe in die wêreld. Later het sy geglo sy sal nooit 'n dominee kan word nie as gevolg van haar gestremdheid. Vandag raak sy daagliks die harte van dowe kinders aan nadat sy teologiese opleiding by Deaf Christian Ministry Africa (DCMA) ontvang het.
By die jaarlikse Natalse predikantekonferensie het konferensiegangers by twee sprekers gehoor van uiteenlopende maniere om die Bybel te hanteer. Die agtergrond was die diep verdeeldheid in die kerk oor verhoudinge tussen mense van dieselfde geslag.
Kry ook nuus van #imagine, die Andrew Murraypryse en die bekendstelling van 'n boek wat die verhale van byna vergete sendelinge vertel.

In *LiG* se Mei-uitgawe raak ons stil ...

Marié Britz vertel van haar 30 dae van stilte, en wat sy van God geleer het.
LiG kuier by 'n **dowe** prediker wat die evangelie in gebaretaal verkondig. En ons leer hoedat stilte ook gebed is.
Die bekroonde sangeres, Leah, vertel in hierdie uitgawe hoe sy haar geloof lééf.
Lees ook hoe jy jou kind kan leer ontspan, hoe jy stilstuipe in jou huwelik kan stuit en hoe om die seën wat jy ontvang het, aan te gee.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

CLF-nuus

Pinkster 2017 : *Christus het ons vrygemaak...*

In aansluiting by die NG Kerkfamilie se viering van Reformasie 500 in 2017 saam met Protestantse gelowiges oor die wêreld heen, dink ons met vanjaar se ***Pinksterreeks*** as kerkfamilie saam oor die sentrale boodskap van die sestiende-eeuse Kerkhervorming of Reformasie, naamlik dat Christus ons uit genade van sonde en skuld vrygemaak het. [Lees hier verder...]

Ons staan stil by die gedagte dat ook gereformeerde Christene en kerke in Suid-Afrika tot vryheid geroep is en deur die Heilige Gees toegerus word om oor die goeie nuus van Christus se vrymakende genade na die wêreld te getuig.

Die reeks beklemtoon die oortuiging dat die vryheid wat Christus bewerk het juis betekenis het vir die brose en gebroke kontekste waar die vryheid van mense en gemeenskappe bedreig word. In aansluiting by die doel van die Reformasie 500 vieringe wil hierdie reeks oordenkings in die Pinkster van 2017 deur die kragtige werking van die Heilige Gees daarvan getuig dat Christus alle bande wat ons mag bind, kom losmaak het. En ons wil mekaar in die Naam van die Drie-enige God oproep om die vryheid van 'n Christenmens te beoefen.

2017 se Pinksterreeks sluit aan by twaalf temas wat die Reformasie 500 Taakspan (NG Kerkfamilie) geïdentifiseer het as temas vir pamflette wat maandeliks in 2017 deur die Christelike Lektuurfonds uitgegee word. Die reeks bou op die

implikasies wat Christus se vrymaking vir mens en natuur het. Daarom maak temas soos hoop, lewe, belydenis, omgee, priesterskap, sorg vir die skepping en die sing van 'n nuwe lied alles deel uit van hierdie Pinksterriglyne. Vanuit die oorhoofse tema "Christus het ons vrygemaak ..." vloei die ander temas voort om die kinders van die Kerkhervorming in Pinkstertyd te help nadink oor wat ons tradisie van Christus raakgesien en oorgelewer het.

Die Pinksterreeks kan afgelaai word vanaf Christelike Lektuurfonds se webtuiste by www.clf.co.za onder "*Downloads*". Die reeks van 12 Refomasiepamflette kan ook maandeliks, óf in gedrukte vorm by CLF bestel word óf afgelaai word vanaf CLF se webtuiste. Dit is ook beskikbaar op die CLF toepassing (App) vir slimfone op Google Play / iStore.

Vir enige navrae , skakel 021 873 6964 of epos aan info@clf.co.za

Terug

Excelsus nuus

Spirit of Narrative

Ideas * Practices * Contexts

Tom S Carlson

8,9,10 June 2017

This three day conference will be hosted in Benoni, Gauteng by the Institute for Creative Conversation.

Tom is a professor and director of the Couple and Family Therapy program at North Dakota State University. He is also the Co-Director of the Stone Center for Relational Accountability. Tom has been practicing and teaching narrative ideas for over 20 years and is especially interested in exploring ways that narrative practices can be transformed into rituals of honour and dignification of person's lives.

15 CPD points

What is the Spirit (or perhaps Spirits) of narrative practice?

When asked this question recently David Epston responded that

"I do think it has to do with the ethics-politics of the practice"

On the first day, experiences of working narratively in a South African context will be offered. Choose from the fields of Therapy, Organisational Development, Community Work or Pastoral Care and the contexts of Trauma, Art Therapy, Addiction & LGBTi.

During the following two days we explore:

- Recent trends in narrative practices that focus on rituals of beauty and dignification of the client
- New interventions & considerations
- Exploring principles of Beneficence, Responsible Practice and Tools of Empowerment in therapeutic practice
- Discussion of recent movement towards embodiment work in narrative practice
- Translating narrative practices into diverse practice settings

R1500.00 for Ministers and Church Communities

Please contact Nicole or Kim on 0101 400 210 for registration and information

Terug

SA Gemeente in die Verenigde Koninkryk

Ferdie Clasen vertel ... Die SA Gemeente in die VK bestaan sedert 1994, alhoewel die bediening in die buiteland reeds meer as 50 jaar gelede begin het! Die gemeente bedien hoofsaaklik Afrikaanssprekende lidmate, maar daar word ook ruim voorsiening gemaak vir Engelssprekende persone. Die afgelope paar jare het die gemeente baie veranderinge ondergaan, hoofsaaklik omdat baie lidmate terug is na Suid-Afrika. Die gemeente bedien egter steeds ongeveer 1800 lidmate by sewe verskillende eredienspunte regoor Engeland (*sien grafiese voorstelling op die kaart onderaan*). Die gemeente word in drie wyke verdeel. Die Noordwyk (al die gebiede Noord van London) word deur ds Andre Harmzen bedien; die Londonwyk deur dr Rian Steyn en die Suidwyk (al die gebiede suid van London) deur dr Ferdie Clasen.

Ons glo die kerk is ‘n familie wat naby die Here lewe en sy liefde met die wêreld deel. Daarom het ons ons roeping as volg geformuleer: “Die SA Gemeente is ’n geestelike tuiste vir wêreldreisigers”. Terwyl ons glo dat mense moet “tuiskom” in ons gemeente, is ons deeglik bewus daarvan dat die kerk ‘n eiesoortige (“geestelike”) tuiste is wat primêr gekenmerk word deur ons verhouding met die lewende Here. Die begrip “wêreldreisigers” sinspeel natuurlik op die lewenswyse van die meeste van ons lidmate, maar die ware betekenis daarvan lê op ‘n veel dieper vlak ….. ons glo immers die Here wil ons gebruik waar ons ookal leef en werk … en reis!

Die lidmate van die SA Gemeente speel ‘n belangrike rol in plaaslike gemeenskappe regoor die lengte en breedte van Engeland. Dié rol verskaf aan ons baie vreugde, maar stel ook baie uitdagings. Bid asseblief saam met ons dat die Here ons steeds sal toerus om dit so goed as moontlik en tot sy eer te doen!

En as julle weet van iemand wat op pad is Engeland toe … onthou asseblief om hulle te vertel dat hier ‘n gemeente is wat hulle graag op hulle nuwe reis wil help om tuis te kom …
Kontakinligting: info@sagemeente.com

Ferdie Clasen
28 Maart 2017

(Die SA Gemeente val onder die Noordelike Sinode, maar met Suid-Afrikaners wat wêreldburgers raak en oorsee woon en werk, is hierdie inligting van algemene belang vir diegene wat navraag doen oor kerke en gemeentes waar hulle familie en kinders in die verre kan inskakel.)

SA GEMEENTE EREDIENSPUNTE

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*

- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

Universiteit van Pretoria: Fakulteit Teologie
Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap
SENIOR LEKTOR / MEDEPROFESSOR / PROFESSOR (EEN POS)

In ons strewe na uitnemendheid en diversiteit wag die Universiteit van Pretoria op aansoeke vir die volgende vakature.

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die vooraanstaande navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

PLIGTE: Die posbekleër sal verantwoordelik wees vir:
Onderrig op beide voor- en nagraadse vlak in die Nuwe Testament;

- Vakkundige navorsing in die Nuwe Testament en verwante literatuur;
- Begeleiding van magister- en doktorale studente;
- Die mentor van studente op voorgraadse vlak;
- Die uitvoer van akademiese administrasie en bestuur;
- Die uitvoer van ander pligte soos deur die Departementshoof gedelegeer.

MINIMUM VEREISTES:

- 'n Doktorsgraad (of byna voltooid) met spesialisering in die Nuwe Testament;
- Antieke Grieks op ten minste derdejaarsvlak;
- 'n Bewese rekord van tersiêre onderrigervaring op voorgraadse vlak in die Nuwe Testament (indiening van 'n onderrigportefeulje word vereis).

Die posvlak sal bepaal word volgens die kandidaat se professionele portefeulje. Die volgende standaarde is 'n aanduiding van die toepaslike posvlak:

Senior Lektor:

- Ten minste 'n magistergraad met verdere spesialisasie in Nuwe-Testamentiese Wetenskap (soos bewys deur die onderwerp van 'n doktorale tesis asook ander vakwetenskaplike publikasies);
- Ten minste een jaar tersiêre of verwante onderrigervaring;

Medeprofessor:

- 'n Doktorsgraad met spesialisasie in Nuwe-Testamentiese Wetenskap;
- Ten minste drie jaar onderrigervaring/-betrokkenheid in 'n tersiêre opleidingsinstansie;
- Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Nuwe-Testamentiese Wetenskap;
- Nasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus;
- Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente tot op magistervlak.

Professor:

- 'n Doktorsgraad met spesialisasie in Nuwe-Testamentiese Wetenskap;
- Ten minste vyf jaar onderrigervaring/-betrokkenheid in 'n tersiêre opleidingsinstansie;
- Bewese publikasierekord van navorsing in nasionale en internasionale geakkrediteerde en eweknie-geëvalueerde vakjoernale;
- Internasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus;
- Suksesvolle begeleiding van nagraadse studente op doktorale vlak.

VEREISTE BEVOEGDHEDE (VAARDIGHEDE, KENNIS EN GEDRAGSEIENSKAPPE):

- Toepaslike taal- en kommunikasievaardighede;
- Gespesialiseerde navorsing in enige veld van Nuwe-Testamentiese wetenskap met bewys van eweknie-erkenning.

BYKOMENDE VOORDELE EN VOORKEURE:

- Lidmaatskap van ten minste een vakkundige vereniging wat verband hou met Nuwe-Testamentiese wetenskap;
- Nagraadse kwalifikasie in Antieke Grieks word sterk aanbeveel;
- Bewese rekord van toesighouding tot voltooiing van magister en doktorale studente;
- Gemeenskapsbetrokkenheid.

Die omvattende vergoedingspakket vir hierdie pos word vasgestel ooreenkomstig die posvlak waarop die kandidaat aangestel word en in ooreenstemming met die beleid van UP (Hierdie bedrae sluit die Universiteit se bydrae tot standaard UP-voordele in, naamlik voorsorgfonds en groeplewensversekering asook begrafnisdekking, maar sluit nie mediesefondsbydraes in nie aangesien dit per personeellid verskil.) UP onderskryf die BESTMED mediese skema en dra 50% van die toepaslike maandelikse paaiement by.

Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen by www.up.ac.za, en volg die skakel: Careers@UP.

Om aansoek te doen vir hierdie pos, heg asseblief aan:

- 'n Omvattende CV;
- Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies;
- Die name, e-pos- en telefoonbesonderhede van drie referente wat ons mag kontak;
- Die name en kontakbesonderhede van eweknie-beoordelaars (akademie en navorsing);
- Selfevaluering.

SLUITINGSDATUM: 24 April 2017
Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

NAVRAE: Prof E van Eck, Tel: (012) 420 3804

Indien daar nie teen *31 Mei 2017* met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, diensbillikheid en diversiteit. Volgens die Universiteit van Pretoria se diensbillikheidsplan, -doelwitte en –teikens, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit voorheenbenadeelde groepe, maar word nie noodwendig daartoe beperk nie. Alle kandidate wat aan die aanstellingsvereistes voldoen, word uitgenooi om aansoek te doen. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie die geadverteerde poste te vul nie.

Om aansoek te doen, kliek asseblief op die volgende skakel:
http://upnet.up.ac.za/psc/career/EMPLOYEE/HRMS/c/HRS_HRAM.HRS_APP_SCHJOB.GBL?Page=HRS_APP_JBPST&Action=U&FOCUS=Applicant&SiteId=1&JobOpeningId=22719&PostingSeq=1

Terug